
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

KOSBAARDER AS GOUD!

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. Daarin verheug julle jul, al word julle nou-as dit nodig is-'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat BAIE KOSBAARDER IS AS GOUD WAT VERGAAN MAAR DEUR VUUR GELOUTER WORD, BEVIND MAG WORD TOT LOF EN EER EN HEERLIKHEID BY DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS (1 Pet. 1: 3-7).

Dit is 'n wonderlike skrifgedeelte waarin die Apostel Paulus aan Gelowiges in die Here Jesus Christus verduidelik dat ons 'n ewige onbesmette erfenis het wat op ons wag, deur Jesus Christus, eendag in die Hemel, dus moet ons, ons grootliks verheug alhoewel ons beproewinge ondervind en die aanvalle van die vyand terwyl ons nog hier op Aarde is, deur dit te oorkom te midde van hierdie aanvalle word ons geloof, soos deur vuur, beproef om te bewys dat ons suiwer Bybelse geloof het! Hy gee dan die rede hiervoor, deur te sê dat ons geloof vervolmaak word deur vuur, sodat wanneer Jesus terug kom, dit prysenswaardig bevind mag word en eer aan Hom bring. Petrus sê dat ons geloof vir die Here **KOSBAARDER AS GOUD** is!

Ons weet almal baie goed dat die oomblik wanneer ons, ons onwrikbare geloof in ons Here Jesus Christus verklaar, ons onsself in 'n geestelike oorlog teen ons vyand, die duiwel, bevind. Ons hoef egter nie te vrees nie, omdat Satan op Golgota deur Jesus se offer dood aan die kruis verslaan is, waar Hy eens en vir altyd Sy bloed gestort het vir versoening van ons sonde (Kol. 2: 14-15). **Ons moet egter die geveg van die geloof veg** deur die Here te vertrou deur al hierdie beproewinge wat die duiwel oor ons sal bring, terwyl ons nog op die Aarde is. Ons is in 'n geveg soos Paulus ons herinner in **1 Tim. 6:12: Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.**

Die Here het onlangs baie met my gepraat oor wat dit beteken om geloof in Hom te hê. Ek weet baie goed dat dit 'n onderwerp is wat oor en oor bespreek is, tog weet ek ook dat dit 'n saak na aan Sy hart is en noodsaaklik vir ons oorlewing in hierdie laaste dae. Toe, as 'n bevestiging, het ek twee wonderlike getuienisse van genesings van kanker, uit verskillende dele van die land, ontvang. Een in Afrikaans en die ander in Engels en ek het besef dat die Here vir my persoonlik wys wat dit beteken om **praktiese, Bybelse geloof in aksie** te plaas! Ek het ook geweet dat ek die getuienisse met julle moet deel sodat julle nie net daardeur geseën kan word nie, maar dat hulle julle ook sal aanmoedig om julle geloof in jul huidige omstandighede in aksie te stel. Ek het dus albei hierdie getuienisse laat druk en hulle is in boekvorm vanaf die Sentrum beskikbaar (Sien kennisgewing in hierdie nuusbrief).

Albei getuienisse bring groot lof aan die Here vir Sy wonderbaarlike ingryping, verlossing en genesing in reaksie op die volhardende, volgehoue geloof van mense wat eenvoudig geweier het om op te gee op die Here en Sy beloftes, ongeag die

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Kosbaarder as Goud! ....)
geweldige aanslag van die teenwerkende demoniese aanvalle in hul individuele gevalle. Die voortspruitende wonderwerke in beide gevalle wys hoe genadiglik en triomfantelik die Here diegene beloon wie se geloof deur hul handelswyse ondersteun word!

Die Bybel leer dat dit nie genoeg is om te sê dat jy glo nie, omdat ons dit lees in **Jak. 2:19: Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.** Dit gaan dan aan en sê in die volgende verse: **Maar wil jy weet, O nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood (Jak. 2: 20-26).**

Die Skrif sê eintlik hier, dat alhoewel Abraham die Vader (gesag) van die Geloof is en dat die Here hom deur sy geloof geëer het, hy sy geloof in die Here BEWYS het deur sy OPTREDES! Hy het so te sê sy geld geplaas waar sy mond was! Dieselfde geld ook vir Ragab se geloof! Sy het haar lewe op die spel geplaas deur haar geloof! Sy het haar lewe gewaag deur haar geloof te demonstreer! Dit is die soort geloof wat Jesus Christus begeer om by Sy Bruid te kry! Die wat Sy Woord ten alle koste glo, sonder om te twyfel, ongeag van wat die wêreld rondom hulle sê! Ek is 'n mediese dokter en daarom het ek nie 'n appeltjie te skil met die mediese profesie nie, baie dokters is gelowiges, maar sommige is nie, en ek ys wanneer ek die negatiewe woorde (volgens die Woord van God) hoor wat hulle oor hul pasiënte uitspreek, wat op hul beurt glo, ontvang en dan reageer volgens wat hulle hoor – in plaas van om die beloftes van die Here te glo en Sy onfeilbare Woord in geloof en met moed te verklaar!

Die Here sê in Sy Woord dat wanneer hierdie beproewings in ons lewens kom, alhoewel hulle as 'n aanval van die vyand kom wie se doel is om ons geloof en vertroue in die Here se getrouheid te breek, ons bly moet wees, omdat dit ons 'n wonderlike geleentheid gee om ferm in moedige geloof te staan, vertrouend op die Here om groot dade vir ons te doen, om verstommende wonderwerke in ons midde te doen. Op die manier word ons sterker in die Here en uiteindelik sal jy sien hoe Hy vir jou in elke omstandigheid deurkom.

Ons lees die Bybelse waarheid in **Jak. 1: 2 -6: AG DIT LOUTER VREUGDE, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, OMDAT JULLE WEET DAT DIE BEPROEWING VAN JULLE GELOOF lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie. En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word. MAAR HY MOET IN DIE GELOOF BID, SONDER OM TE TWYFEL; WANT HY WAT TWYFEL, IS SOOS 'n GOLF VAN DIE SEE WAT DEUR DIE WIND GEDRYWE EN VOORTGESWEEP WORD.** Die ooreenkomste in hierdie twee persoonlike getuienisse wat in die nuwe boeke beskryf word, wat ek genoem het, is verstommend! Alhoewel die omstandighede verskil, beskryf albei hoedat onwankelbare geloof in die beloftes van die Here oor elke aanval getriomfeer het wat die duiwel oor hulle gebring het, soos hulle ferm gestaan het in lewens gevaarlike omstandighede, en altyd die GROOTHEID EN ONFEILBAARHEID VAN JESUS CHRISTUS EN SY VOLTOOIDE WERK OP GOLGOTA verklaar het. Hulle ooreenstemmende handelinge vertoon altyd hul algehele vertroue in Sy onfeilbare Woord!

Toe Jesus gepraat het oor die wyse man en die dwase man wat hul huise gebou het in Matt. 7, het Hy verduidelik dat die huis wat op die sand gebou was nie die aanslae van die wind en golwe sou kon weerstaan nie. Maar die man wat sy huis op die rots gebou het sou veilig wees, maak nie saak wat die storms van die lewe na sy kant toe sou bring nie! Toe het Jesus voortgegaan om op hierdie voorstelling uit te brei deur in vers 24 te sê, dat die man wat sy huis op die rots gebou het die een was wat nie net na Sy woorde geluister en dit geglo het nie, MAAR OPGETREE HET IN WAT HY GEGLO HET!

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het (Matt. 7:24).

Baie pragtige Christene begin deur die Here werklik te glo vir Sy ingryping in hul omstandighede, hetsy siekte, finansiële of 'n verhoudings probleem, en hulle hou met opregtheid vas aan 'n belofte in Sy Woord, maar dan met die eerste teken van 'n teenaanval van die vyand begin hulle wankel en begin twyfel in daardie Woord. Hulle herhaal wat die dokter gesê het of wat die toetse sê, ontvang en glo dit in plaas van die belofte van God se Woord. Om die Here te vertrou wanneer jy 'n toets of beproewing in die gesig staar vereis dat jy 'n kwaliteit besluit moet neem. Gaan ek die Here en Sy Woord in hierdie situasie glo? Glo ek dat Hy kan genees, verlos of voorsien in my

(Vervolg op Bl. 6)

This month as the world turns its eyes upon the crucifixion of our Lord Jesus Christ, we are reminded of the tremendous price that our Lord paid for our redemption. His Holy precious blood was shed to make atonement for our sin, and His perfect sinless body was mutilated beyond recognition, bringing healing for us. What happened on the cross that day He was crucified? What were the wounds that obtained healing for us?

Whenever I share this revelation with anyone I am always deeply moved, but I don't believe it is possible to describe fully, in any language, the intensity of His suffering, or to do it justice. I am always overcome with emotion when I call to remembrance these facts, especially being a medical doctor and having been District Surgeon for 25 years, and having seen so much pain and sickness. I am able to relate to Jesus' crucifixion with perhaps a fuller understanding of His suffering.

In the garden of Gethsemane, He wrestled as a human being, yet also as the Son of God with the knowledge that He and He alone had this cup to drink, ishment during which many people died.

His hands were fastened above the head and tied to a beam, and a large, powerful Roman soldier took a cat-of-nine-tails and struck the body 39 times. [According to Roman law, not more than 40 lashes could be given, so, to be sure of not breaking the law, 39 strokes were decided upon by the Jews.]

History tells us that the whip used for this scourging had a short wooden handle with nine leather thongs and into each thong were woven, pieces of metal, glass, bone and stone. Thus each stroke was in fact nine deep lacerations. Each time the pieces of glass, bone and stone dug into the flesh, they cut deeply right to the bone, ripping out pieces of flesh. The law proclaimed that two thirds of the lashes would be administered to the back and one third to the front of the body. His back looked like a ploughed field, as prophesied by the psalmist in Ps. 129:3, about a thousand years before the crucifixion. The whips were kept in a brine solution, which added to the indescribable pain with every lash. A salt solution burns like fire in an open wound.

By His Wounds We are Healed...

"...He knew the price He had to pay, He knew what lay ahead of Him and He was fully human, yet fully God and only He could pay that price. He said no man takes My life unless I lay it down. It was His decision to die for you and me…"

for salvation and healing for humanity. What mental agony and torture it must have been, for He knew the price He had to pay, He knew what lay ahead of Him and He was fully human, yet fully God and only He could pay that price. He said no man takes My life unless I lay it down. It was His decision to die for you and me, but in making that decision He sweated blood through this intense mental agony! He was then arrested and taken captive. [Luke 22:44]

The Bible tells us that they hit Him with reeds and sticks throughout the night. He was blindfolded and mocked, punched by Roman soldiers and challenged to prophecy who had hit Him. [Luke 22:64]

I believe that in this process His teeth were knocked out, His lips were lacerated. I believe, His nose was broken with the punches and blows. His eyes swollen from beating and bruising, making it difficult for Him to see and His eardrums were perforated by the blows to the sides of His head. They hit Him with their open hands.

He was gruesomely assaulted. The Bible says that He was *unrecognisable* [Is. 52:14]. The soldiers and bystanders jeered and spat at Him. They plucked out His beard [Is. 50:6]. You know how painful it is to have an eyebrow plucked – yet, rough and ruthless hands grabbed at Jesus' beard and pulled it out.

Then they scourged Him! An extremely cruel pun-

A purple garment was hung over the raw, bleeding open wounds of Jesus and later, after the blood had dried, it was pulled off and the wounds were aggravated again.

A crown of thorns was pushed onto His head [John 19:2, 5]. I discovered two things about the crown of thorns: Firstly that it was not a woven *circle of thorns,* but a *cap of thorns* that covered the whole scalp. Secondly that the thorns were from a local shrub and were approx. 2,5 cm long with barbs like fish hooks, which, once imbedded into the scalp, were almost impossible to pull out. His "crown" alone must have been punishment indeed!

Jesus had to carry His own cross up a hill to Calvary, and this after having been assaulted throughout the night, and after losing a great amount of blood due to lacerations caused by the scourging. It was a heavy cross, weighing about 75 kg and He stumbled under it's tremendous weight, due to weakness. He most probably fell as He stumbled, grazing His knees and elbows. Remember that He had lost a lot of blood and was very weak.

At this point I want to give my own impression of Jesus as a man, based on some biblical facts. Jesus is so often portrayed as a man of slight stature, gentle and

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - By his wounds we are healed...)

meek, clad in a long robe and holding a lamb. I believe however that a more logical conclusion would be that Jesus was a very well built, strong man with tremendous charisma. I base this deduction on the fact that Jesus was a carpenter during His teens and early manhood and we are well aware that there were no mechanical implements with which to do the hard labour. When Jesus needed a plank in the carpenter's shop, He was obliged to go and chop down a tree, and saw the log into planks. One need only look at the pictures of the lumber jacks in the early years to see the muscular build He must have had.

Another point I would like to make is, that one does not approach tough fishermen with the words "follow me" and expect them to drop their nets and obey without argument, unless the ONE speaking those words had visible qualities of strength, masculinity and authority.

Finally, when Jesus entered the Temple and found that His Father's house had been turned into a den of thieves, He, single-handedly overturned the tables and disrupted the traders and their businesses without any retaliation. This proves to me that no one was prepared to try and physically stop Him. I believe this was due not only to His authority, but also to His powerful physique and strength.

This strong Jesus was unable to carry His cross. One, Simon of Cyrene, who is believed to have been a dark man, was ordered to carry the cross for Jesus to the top of the hill, where there were already two crosses in position [Matt. 27:32]

On one cross, hung a murderer and on the other one, a thief. The cross of Jesus was to be placed between the two.

Luke 23:33: And when they were come to the place which is called Calvary, there they crucified Him, and the malefactors, one on the right hand and the other on the left.

Luke describes the crucifixion here in but a few words, however it was an horrific occurrence each time someone was crucified!

As I describe it, you will realise just how much the Father must have agonised to see His precious, sinless, spotless Son suffer to the maximum. Note as we go through the agony, how Jesus was wounded and bruised from the crown of His head to the soles of His feet – this was to pay for sickness and diseases that affect EVERY part of our body – from head to toe. He took them all upon Himself! From the crown of thorns on His head, to the sharp nail that pierced His feet, and came through the soles of His feet.

Roman soldiers held Jesus down on that cross with one arm outstretched along the cross piece. A four sided nail [approx. 15cm] with a sharp point was hammered through His wrist, which is part of the hand. I believe it was through His wrist as there is only soft tissue in the hand, which would tear under the weight of the body hanging on it. In the wrist there are eight small and two long bones, held together by powerful ligaments, capsules and tendons. These bones were torn apart by the penetrating nail and the pain must have been indescribable. We know how painful it is just to sprain a wrist. A large nerve, namely the median nerve, runs parallel to the wrist and in the centre, and supplies movement to the thumb, and sensation to a large portion of the hand. This nerve was stretched over one of the four corners of the nail, like a guitar string over the bridge, resulting in severe cramps in the thumb, and causing imbedding of the thumb nail deep into the palm of the hand.

One of the most painful conditions is that of a nerve being stretched, and this is precisely what occurred. Every one has had the experience of being in a dentist's chair and having a tooth filled. As the drill comes within the vicinity of the nerve of that tooth [which is the thickness of a hair] the pain is extreme. Can you just imagine how excruciating it is to have a large nerve, which is the thickness of a knitting needle, being constantly in a stretched position over the sharp side of a nail? The nails at that time were square with a sharp point

They took the other arm of Jesus and stretched it to maximum position in the opposite direction. The second nail was driven through His other wrist deep into the wood.

His two feet were positioned flat up against the cross, one over the other. A longer nail of similar design was driven through the small bones of both feet – tearing them apart. It is important to note that His knees were in a bent position, [flexed] and there was a reason for this, which we will discuss later. The cross was lifted up and dropped into a hole prepared for it. From that moment, the struggle between life and death commenced.

When the cross struck the bottom of the hole it stopped, but the momentum of the body, because of it's weight, continued. This not only caused further tearing of tissues, skin, tendons, etc. but the shoulder joints

(Continued on page 6)

2 Cor. 6:2: For he saith, I have heard thee in a time accepted, and in the day of salvation have I succored thee: behold, now *is* the accepted time; behold, now is the day of salvation.



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek skrywe hierdie brief om net my dankbaarheid aan ons Hemelse Vader te betoon. Hy is waarlik 'n Waarmaker van Sy Woord. Ons kan regtigwaar op Sy beloftes staan en op Hom wag. Ek het omtrent ses jaar gelede in 2003 'n brief aan u geskryf. Dit was vir die redding van man en seun se siele. Die brief waarop u my geantwoord het, het ek al die jare gebêre as my getuienis. Die Here het wonderbaarlik onderneem. Nie op my tyd wat ek wou gehad het nie, maar op Sy tyd. My man het die Here op 24 Januarie 2010 in sy lewe aangeneem. Is die Here nie wonderbaarlike nie!! Baie dankie aan onse Vader en aan elkeen van u wat oor die jare heen in gebed gebly het, saam met my. Die Here seën u en die span by die sentrum ryklik.

Mev R Peters, Port Elizabeth

Eerstens baie dankie vir u brief en ook u gebede vir my en my kinders. Die getuienis is juis oor my seun wat by my woon. Hy kuier op die oomblik by sy ouma in Hopefield om haar te help verf, maar was vandag hier by my vir besigheid in die Strand. Kort voor sy vertrek, vra hy toe vir my of hy die ekstra Bybel kan inpak na sy ouma toe. Die wonderwerk is dat hy die Here vyandig gesind was en niks van die Woord wou weet nie. Nou het hy tot inkeer gekom. Nogmaals baie dankie dat u ingetree het vir ons. Met Jesus liefde

Rita Nieman, Strand

Since you prayer for my sister Mrs Hester Esterhuizen of Cape Town, we received the good news that the lump on her leg has disappeared and she is getting better by the day. We praise Almighty God for this blessing in Jesus Name. We have seen and experienced so many miracles under your ministry over the years and pray that God will bless all the work done at the Stanger Christian Centre.

God bless you and your family

Mrs M Renaud, (11 March 2010)

Ek wil net u bedank uit my hart oor u gebede vir my. Die uitslae van die TB toets het negatief uitgekom!! Die Here het ook 'n werk vir my gegee. EK loof en prys Sy wonderlike Naam!!

Mnr N Damons, Uitenhage

'n Tyd gelede het my suster julle geskakel vir gebed vir my been wat ontsaglik pynlik en baie geswel was vir 'n lang tydperk. Na gebed en besoek aan spesialis waar al die nodige ondersoeke gedoen was, kon daar geen abnormaliteit gevind word. Dankie vir gebed en ek loof my Hemelse Vader!

Mev E Louw, Kestell

Eerstens wil ek net getuig, van 'n gebed wat verhoor is. Toe my seun Marius in graad R was het hul gesê dat hy nie vordering maak nie. Ek het die sentrum gekontak en voorbidding van hom gevra. In graad een was hy op top tien leerders en daarna het hy baie goed presteer op skool. Graad elf ook weer op top tien leerders. Hy gaan volgende jaar na matriek en ook gekies as leier. Dankie vir al jul gebede. Al die eer aan God en so kan ons na Hom gaan met al ons laste en bekommernis.

Ramona, Barberton

Ek groet u in die wonderlike naam van Jesus. Dr James ek het ongeveer 3 weke gelede aan u 'n faks gestuur en voorbidding gevra vir my man met sy humeur wat nie geweet het hoe om my en die 2 jong kinders te praat of hanteer nie. Ek het ook gevra dat u vir my ouer dogter moet bid. Dr James, God het 'n wonderlike werk kom doen. My huis is stel en rustig daar is 'n wonderbaarlike kalmte atmosfeer. Ek wil my dank uitspreek vir u en u span wat vir my gebid het. Ek vertrou dat God u en u span sal seën. Baie, baie, baie dankie!!

Mev M Coetzee, Kuilsrivier

Ek begroet Dr James, Meg en die hele familie in die oorwinningsnaam van ons Koning Jesus. Dit is 'n nuwe jaar die Here het ons deurgedra in 2009. Ek begin 2010 soos Dawid sê met Jesus aan sy kant kan hy 'n bende verslaan. Eerstens wil ek hê u moet saam met my die Here prys, prys, prys, my hart loop oor vir die genade van die Here. Ek het vir julle gevra om vir my seun Devon te bid vir die finale eksamen van graad 12, omdat hy het September baie, baie swak gedruip en hy is nie iemand wat wil leer nie. Ek kon nie glo toe ek sy naam in die koerant sien dat hy slaag! Prys die Here ons familie kan nie glo nie.

D Willemse, Uitenhage

Ek wil baie dankie sê dat u en die span vir klein Elijah gebid het. Hy is die volgende dag ontslaan en dit gaan baie goed met hom. Baie, baie dankie!!

Mev S Wessels, Monumentpark

(vervolg vanaf Bl. 2 - Kosbaarder as Goud! ...)

omstandighede? Kan ek Hom vertrou om Sy Woord te hou? Glo ek dat Hy in beheer is van die situasie waarvoor ek Hom vertrou? Hoe groot is my God? Wanneer jy dan jou besluit geneem het, verwag dat die vyand jou geloof in die omstandighede gaan toets! Die duiwel sal nie sonder 'n geveg opgee nie en sien dat die Here Jesus al die eer kry nie en kyk hoe jou geloof groei nie! Nee, hy sal 'n teenaanval doen om te sien of **JY WERKLIK DIE WOORD GLO**, en hy weet deur jou reaksie en veral deur jou WOORDE!

Jou woorde sal altyd reflekteer wat jy werklik diep -binne glo. Neem daardie besluit om die Here volkome in jou situasie te vertrou, en wandel onwrikbaar in daardie keuse wat jy gemaak het, moenie regs of links draai nie, argeloos, onwankelbaar en verklaar soos Sadrag, Mesag en Abednego gedoen het in Dan. 3: 17: **As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, O koning, verlos!** Besluit om Hom te vertrou selfs voordat 'n aanval op jou of jou geliefdes geloods word! Besluit om Hom te vertrou ONGEAG van wat die mediese verslag sê! Jou geloof hang NIE af van die uitslae of die verslae nie, dit sal oorwin word deur jou GELOOF in die Here en Sy Woord! Dit is van die uiterste belang om Sy bevele te gehoorsaam, Sy gebooie te hou in jou daaglikse wandel en deur jou dade.

Ons Here het getriomfeer oor siektes, kwale, rampe en al die demoniese kragte wat teen jou opgestel mag word. Jesus het die

(Continued from page 4 - By his wounds we are healed)

were jerked out of their sockets because of the sudden jolt. The psalmist tells us a thousand years before the time, that every joint of His body was dislocated [Ps. 22:14]. It also resulted in the chest muscles being pulled in an upward direction, causing the chest to be lifted to a position of maximum inspiration. This is similar to having a severe asthma attack. The lungs were full of air, but He was unable to exhale. This resulted in a shortage of oxygen in the blood stream, causing the skin to become cyanotic [a blue colour], the eyes to become bloodshot and protruding. A profuse condition of perspiration, as in suffocation occurred, and this sweat then ran into the raw wounds, accentuating the pain. This condition is known medically as metabolic acidosis and can be compared with the cramps developed by an unfit athlete when in training.

Imagine the pain experienced because of these cramps! Everyone has experienced a cramp in a leg at some time or another.

The only way in which the Crucified could receive some oxygen, was by straightening His bent knees and placing the full weight of the body on that solitary nail through the feet. The muscles pulling up the chest would then slacken and the chest moved down, making expiration [breathing out] possible. At this point the pain was so severe because of the weight on the nail in the feet, that although breath was desperately needed, He had to take that breath very quickly and bend the knees again, replacing the body weight on the dislocated shoulders.

This process continued for hours whilst weakening and dying progressed. Even-

However, when He took your sins and mine upon Himself, His Father turned His face away from His Son, (because God cannot look upon sin), and at that point Jesus raised His voice in anguish and cried out, "My God, My God, why hast Thou forsaken Me?" (Matt. 27:46).

tually Jesus was too weak to straighten His legs, and death by suffocation took place.

During this struggle a condition of acute heart failure developed and water formed around the heart due to the impairment of the circulation. In the case of Jesus, this suffering on the cross took six hours.

When Jesus suffered all this physical torture and pain, He never once opened His mouth in complaint. The Bible tells us that He went as a lamb to the slaughter. (Is. 53:7). However, when He took your sins and mine upon Himself, His Father turned His face away from His Son, (because God cannot look upon sin), and at that point Jesus raised His voice in anguish and cried out, "**My God, My God, why hast Thou forsaken Me?" (**Matt. 27:46). Jesus was forsaken of God for a brief while, and this agony was worse for Him, than anything physical He had experienced! This should be a valuable lesson to us because, if we are not born again, this state of being God -forsaken, would be our eternal destiny. Jesus always addressed His Heavenly Father as "Father", but on this occasion, where He was separated from His Father by our sins, which He took upon Himself, Jesus called Him "God!" After this brief period Jesus then called out **"It is finished"** (John 19:30) and **"Father, into Thy hands I commend My Spirit."** (Luke 23:46).

The work of salvation had been completed and the full price for sin was paid. Then His body was buried and rose from the grave on the third day. Remember, before dying Jesus said to the criminal on the cross next to Him, **"Assuredly, I say to you, <u>today</u> you will be with Me in Paradise."** (Luke 23:43).

Some theologians profess that Jesus suffering on the cross was not sufficient to pay the full price of redemption. They say that He still had to spend three days and three nights in hell to finish the work of redemption. But I remind you that Jesus said

(Continued on page 8)



uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes in die Here,
Jesus het Sy dissipels gewaarsku oor die gebeure wat in die laaste dae voor Sy terugkeer na die Aarde sal plaasvind, en soos Christene regoor die wêreld saamstem, leef ons duidelik nou in daardie tyd. Hy het in **Luk. 21:26** gesê: **Mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.** Hy het hulle ook getroos in Joh. 14: 27 toe Hy hulle voorberei het vir sy dood, opstanding en Hemelvaart deur te sê: **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.** Ons as Kinders van God hoef nie bang te wees nie, maar ons moet egter wakker wees oor wat nou rondom ons plaasvind, omdat Jesus ook gesê het, toe Hy oor die laaste dae gepraat het in **Matt. 24: 4 : ... Pas op dat niemand julle mislei nie.**
En die Woord sê in Matt. 15:9: **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.** Wette en leerstellings van organisasies wat van die mens is. In die tyd waarin ons nou leef het hierdie leerlinge van die mens totaal oorgeneem, en word mense wêreldwyd daardeur mislei.
Ek het onlangs bewus geraak van die aanhoudende breinspoeling van die massas deur onversetlike advertensies deur al die Media vorms. Natuurlik weet ons dat die duiwel die media gebruik om sy leuens en misleiding te versprei, maar so baie pragtige Christene is mislei deur al die swaarmoedigheid, valse beloftes en verleidelikheid van die wêreld en sy lokstem na ydelheid en materialisme. Selfs meer vernietigend is die vrees wat in so baie mense se lewens meegedeel word deur wat hulle op TV sien, op die radio hoor en in die koerante lees! Sodra 'n tragedie in die wêreld plaasvind, deur vandag se tegnologie, word die volle impak regdeur die hele wêreld gevoel wat angs en vrees, verwarring en hopeloosheid bring! Aan die ander kant het baie van die inligting wat ons deesdae, deur sogenaamde "deskundiges" op hulle gebied (soos wetenskaplikes, weervoorspellers, omgewingsdeskundiges, spesialiste op verskeie gebiede), gevoer word geen basiese grondslag vir hul bewerings nie, en weerspreek dikwels duidelik God se Woord, maar omdat aan hulle geloofwaardigheid deur die media gegee is, aanvaar baie mense hulle inligting as die waarheid en raak as gevolg daarvan bevrees. **Kry ons boek: Die wysheid van die mens is dwarsheid met God.**

DIE WOORD WAARSKU ONS
Wees versigtig dat geen mens jou mislei nie en wees versigtig wat jy hoor! Ons moet ons verstand ten alle koste bewaar in hierdie eindtye en nie toelaat dat die vyand twyfel, ongeloof en vrees veroorsaak wat kan binne kom nie. **Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe (Spr. 4:23).** Onthou Psalm 16: 8-9 wat ons krag behoort te wees: **Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie. Daarom is my hart bly en my eer juig; ook sal my vlees in veiligheid woon.** Ons is so dankbaar vir julle liefde, gebede en voortgaande ondersteuning vir die Here se werk wat van die Sentrum uitgaan. Vir ons is dit 'n voorreg om vir die Koning van die konings te kan werk en ons verheug ons elke nuwe dag om te weet dat deur Hom te dien ons Sy beloftes vervul sal sien in so baie lewens van die verlorenes en die wat nood het! Siele wat vir Sy Koninkryk gewen word en mense wat genees en herstel word deur Sy liefde en medelye wat na hulle uitreik en hulle heel maak! Ons beskou dit alles as 'n vreugde en is dank aan julle verskuldig wat dit moontlik vir ons maak om aan te hou om die Lewende Water na die dorstiges te bring en die Brood van die Lewe na die wat honger is. Ons dank julle uit ons harte en het ons Here gevra om julle bo verwagting te seën. Aan Hom kom al die eer en roem toe vir die vermeerdering van die Oes van kosbare siele vir Sy Koninkryk.

Wees verseker van ons liefde en gebede.
Dr James
Baie liefdegroete

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Continued from page 6 - By his wounds we are healed...)

upon that cross as He died**: "It is finished!"** In other words He proclaims that His mission is complete. He then says **"Father, into Thy hands I commend My Spirit."** And Father God is certainly not in hell. He also tells the criminal on the cross next to him that: **"Today you will be with Me in Paradise."** This criminal had repented because we read in Luke 23:41 when he said to the other criminal being crucified: **And we indeed justly; for we receive the due reward of our deeds: but this man hath done nothing amiss.** (Read the full account of his repentance and salvation in Luke 23: 39-43). **2 Cor. 6:2**: **(For he saith, I have heard thee in a time accepted, and in the day of salvation have I succored thee: behold, now *is* the accepted time; behold, now is the day of salvation.)**

He has made a decision to receive Jesus at that moment, and salvation had come to him through Jesus Christ.

The criminal had made the right decision therefore that day was the day of his salvation. It is well documented that Jesus' body was buried that very day in a rich man's grave. Let me assure you, that Jesus did not go to hell after He died! That teaching is a lie of the devil, and it is why we have written a book on the subject viz. "Jesus was Not in Hell", which is available from the Stanger Christian Centre. Mary Magdaleen was the first to see Jesus after His resurrection. It was common belief at that time that the crucified was cursed and if the body was not removed before sundown, a curse would return to that land [Gal. 3:13]. Because of this belief, the soldiers would take an iron rod and break the legs below the knees of those who had not yet died before sunset. This would make it impossible for them to straighten their legs in order to breathe, and they would then die of suffocation.

When they came to Jesus however, He was already dead. This fulfilled the prophecy, which stated that not a bone of His body was broken [John 19:32-33]

A Roman Soldier took a spear and pierced the side of Jesus. I believe it was His right side so that it would penetrate His intestines, liver, lungs, and into His heart. As the spear penetrated the heart sack [pericardium], the water that had accumulated around the heart, due to the acute heart failure, was released and poured out of the wound. Then as the spear penetrated through the heart wall, blood was released and poured out of the wound. (Joh. 19:34)

If we grasp this picture of indescribable suffering and mutilation we will realise that the body of Jesus was marred beyond recognition and certainly bore no resemblance whatsoever to the usual picture we are accustomed to seeing of Jesus on the Cross, and presented to us by tradition - a picture of Jesus with an angelic expression, hair neatly combed into place, with a spot of blood here and there on His face and body, and a loin cloth draped around His hips. I believe He hung there *naked*, and this was the greatest form of humiliation known to a Jewish man – to be exposed in public.

Is. 52:14: As many were astonished at Thee, His visage was so marred more than any man, and His form more than the sons of men.

Never was a body so mutilated as that of Jesus Christ the Son of God who paid the price for your salvation and healing and mine.

Can you see how His body was broken from the crown of His head where thorns penetrated His scalp, to the soles of His feet – penetrated by a nail! Every part of His body was broken to pay for *the healing of our bodies.* His head, eyes, nose, ears, teeth, lips, skin, lungs, intestines, liver, heart and more, wounded for the "whosoever" who believe and receive by faith, so great a Saviour and so great a Sacrifice!

"...Jesus could pay for our sicknesses because He knew no sickness. Jesus could pay for our sin, because He was sinless. O Glorious Saviour, our Lord Jesus Christ! He paid a very dear price for our redemption and He paid it in full – by His broken body and shed blood for you and for me..."

It is of these wounds that Isaiah, Matthew, and Peter spoke, (Matt. 8, 1 Pet. 2:24 and Isaiah 53:4-5) and also Jesus, when He broke that bread at the Last Supper. It is impossible for any church theology or tradition to argue away these wounds of Jesus, and thus it is an indisputable fact that IT IS THE LORD'S WILL TO HEAL. Why else would He have allowed Himself to be mutilated in such a way? Jesus could pay for our sicknesses because He knew no sickness. Jesus could pay for our sin, because He was sinless. O Glorious Saviour, our Lord Jesus Christ! He paid a very dear price for our redemption and He paid it in full – by His broken body and shed blood for you and for me. (Read our book The Lord's Table and Healing)☐

What is Real Faith?

This book is a testimony of a believer's unwavering faith in the Lord Jesus Christ during extreme times of attack by the enemy. How he prevailed and OVERCAME! An exceptional example of Biblical Faith. It is available from the Stanger Christian Centre at R8.00 per copy.